

30 April

Skrifgedeelte: Matteus 7:7-12

Fokusgedeelte: Matteus 7:11

HK, Vraag 120

**Bid met vertroue en respek tot jou Vader wat jou verhoor**

“Onse Vader ...” So begin die bekende gebed wat Jesus ons geleer het. So het Jesus self dikwels sy gebede begin, byvoorbeeld by sy vriend Lasarus se graf, in die tuin van Getsemane en sy gebed aan die kruis vir sy moordenaars. Dit is nie van nature ons reg om God ons Vader te noem nie. Jesus het dit vir ons kom moontlik maak. Hy het die koue afstand wat ons sondes tussen ons en God veroorsaak het kom wegneem deur vir al ons sondes te betaal. Elkeen wat in Hom glo, leef nou in ’n nuwe verhouding tot die lewende God. Dis ’n verhouding vol nabyheid, warmte en intimiteit. Dit is ’n verhouding waarin God ons Vader is en ons Hom so kan noem, ook in ons gebede. Die Heilige Gees werk só in ons harte en omvorm ons harte só dat ons God ons Vader wil en kan noem (Rom 8:15).

Dit is belangrik dat ons ervarings met ons aardse vaders nie ons siening van ons hemelse Vader bepaal nie. Baie mense het werklik slegte ervarings met hulle aardse vaders gehad en sukkel dan om aan God as ’n liefdevolle Vader te kan dink. Laat jou siening van jou hemelse Vader gevorm word deur dit wat Hy jou self in sy Woord vertel. Nader vol kinderlike geloof in jou gebede tot die lewende God wat jy Vader kan noem. Nader tot Hom met vrees – dit beteken nie om bang te wees nie, maar vol ontsag en respek. Vaders gee goeie dinge vir hulle kinders in die lewe, maar goeie pa’s sê ook soms “nee” vir hulle kinders. So kan ons goeie dinge van ons hemelse Vader verwag wanneer ons dit van Hom vra. Soms sal sy antwoord “nee” wees, steeds in liefde en tot ons eie beswil.

*Sing: Psalm 33:11*

*Ds. L du P van der Vyver (Silverton)*

~~~~~